



GRATIS
Mei
2024

Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 26 JAAR OUD!

AANLYN-UITGawe
ONLINE EDITION

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



EVERYONE CAN REACH SOMEONE!

LIVING WATER

Cecilia gave her a water bottle, then said: this water satisfies your physical thirst, but Jesus Christ satisfies the thirst of your soul. Wanda began to cry. Her employer has falsely accused Wanda of theft. Her daughter and partner abandoned her. She has lost her hope and wanted to end her life. At the bridge, she met Cecilia, who told her about Jesus. Instead of jumping off the bridge, she jumped into the wide-open arms of a loving God Who gave her hope again. She now follows the Lord and attends a local church.

GO DAY

The above is one of untold many testimonies that transpired after the annual GO Day hosted by the GO Movement. This is a Day where believers are encouraged to share the Gospel with at least one person. This year, GO Day was on 18 May 2024.

THE GO MOVEMENT

The GO Movement is a catalyst for evangelism and collaboration for the fulfilment of the Great Commission, challenging believers to share the Gospel and equipping churches to take part in the annual Go Day. They want Christians to make evangelism a lifestyle. They mobilise and equip churches to evangelise everyone, everywhere while collaborating with prayer, discipleship, and church-planting networks. Their aim is: Every Believer becoming a Witness.

This vision is based on well-known Bible verses:

"The harvest is plentiful, but the workers are few. Ask the Lord of the harvest, therefore, to send out workers into His harvest field" (Luke 10:2).

"Go and make disciples of all people" (Matthew 28:19).

"You will receive power when the Holy Spirit comes on you, and

you will be My witnesses" (Acts 1:8).

PEOPLE FACE A CHRISTLESS ETERNITY

The majority of people on Earth do not know about the wonderful salvation that is available through Jesus Christ. They face a Christless eternity. That is tragic! But we can change this! Meanwhile, the majority of the Church doesn't actively share their faith. Many believers are afraid, not equipped, or struggle to share their faith. Evangelism has been a professional ministry for far too long. We need to stop treating it as a Great Suggestion and embrace it for what it is: the Great Commission to all believers.

The GO Movement was founded to help believers to learn to share their faith with their colleagues and friends. "Never could I have imagined what could evolve out of a simple vision. From its humble beginnings in 2010 emerged a huge, worldwide movement. What God has done in 10 years is extraordinary," says Werner Nachtigal, President of GO Movement. Below, he relates the history of this Movement.

RECEIVING A VISION - 2010

It was the 2010 Reformation Weekend when I had an intense encounter with God. I was in Pakistan, a very dangerous area for evangelisation. We had to be guarded by several snipers. Precisely in this situation God gave me a tremendous vision: I saw a huge wave going around the world and an endless number of Christians preaching the Gospel. This wave of evangelism encircling the earth was all about Jesus, not about a ministry or a church movement. Every Christian, every church or denomination united for evangelism!

For two days I experienced God's Presence more intensely than ever before, but then my mind started to think in German again. To mobilise the whole world for evangelism? That should not be a problem! ... How humorous: An unknown evangelist without much money and a network wanting to mobilise the world. This vision was either from God or it was impossible!

THE FIRST GO DAY - 2012

The kick-off for the first GO Day (Global Outreach Day) took place in the world's largest arena with room for a million people in Lagos, Nigeria. It belongs to the Redeemed Christian Church of God (RCCG). Getting to meet Pastor Adeboye is very difficult. But God opened the door, and I promised that a very famous preacher would kick off the GO Day.

The famous preacher cancelled and to my surprise, Pastor Adeboye didn't even ask about him but told me he prayed about the GO Day and that his whole



network of 30 000 churches would be there. GO Day is not about famous preachers, it's about every Christian being a witness, praying: "Lord Jesus, the harvest is plenty, but the workers are few, use me."

FOR SOME GO DAY WAS THE LAST CHANCE

The next day we took many Christians to Kuramo Beach, where the poorest people from Lagos live. We brought the Gospel to them, and about 500 people gave their lives to Jesus. Later a tsunami came and destroyed the whole beach. People died, but others were saved twice. The people who accepted Jesus then weren't at the beach, thanks to the church. I felt a real urgency to preach the Gospel when I heard this news. Someone's eternity is at stake.

GO DAY EVOLVES 2013 - 2019

GO Day spread worldwide, and over 100 countries have been involved. At a missions conference, leaders from Nepal joined us to reach every Nepali household with the Gospel. It seemed outlandish; is it even possible to reach a Hindu nation? Many Nepali Christians were on the road for days to reach even the families in the mountains.

OVERCOMING PERSECUTION

Meanwhile, Christians in 135 countries joined in on GO Day. Some 741 150 people come to Christ through a large nationwide campaign in Ghana. Christians in the mission field experience severe persecution in China and India! China's State Security put the GO Day team under surveillance. Although hundreds of agents chased them, they distributed millions of Gospel tracts.

STARTING TO INTENSIFY PRAYER

Prayer has always been an important part of GO Day.

Continued on p. 10

'N GREPIELESER IS 'N GREPIEBEGRYPER

Hoe groot is jou beker?

Jesus kom by die vrou by die put van Jakob in Samaria, en sê vir haar: "Gee vir My water om te drink" (Joh. 4). Sy verstaan nie, en sê vir Hom die put is diep, en Hy het nie eers 'n skepding nie, waarop Hy antwoord: "As jy die gawe van God geken het en geweet het Wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het."

Die vrou redeneer vanuit die natuurlike dimensie, maar Hy vanuit die geesdimensie, en Hy sê: "Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."

Medegelowige, wat is jou skepding? Hoe groot is jou beker of jou geestelike skepding? Jou kapanseit en honger na geeswaarde?

Dit is hóé ons met die Bybel omgaan wat bepaal hóé ons die Bybel verstaan. Sommige mense verkies om die Woord selektief en versie-vir-versie te lees, maar is dan verbaas dat hulle ook net gedeeltelike begrypers van die Woord is.

Die woorde wat Paulus geskryf het, is dan ook hier van toepassing: "Nou ken ek ten dele, maar een dag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is" (1 Kor. 13:12). Ons kán egter ons "ten dele" begrip reeds in hierdie lewe uitbrei. Ons kán die Woord beter verstaan deur méér daarmee om te gaan.

Die woorde van die Here Jesus, "Met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word," kom drie keer voor in die Evangelies. Hy gebruik dit in verband met hoe ons die Woord **hoor** wanneer Hy vir ons wil sê hoe ons met die Woord moet omgaan (Markus). Hy gebruik dit in verband met **oordeel** wanneer Hy sê dat ons mekaar nie moet oordeel nie (Matthéüs). En dan gebruik Hy dit ook in verband met hoe ons **gee** wanneer Hy vir ons op hierdie gebied leiding gee (Lukas). Die laaste twee kere (in Matthéüs en Lukas) word geïnkorporeer of ingesluit in "hoe ons **hoor**" (Markus), want as ons **hoor** ons mag nie oordeel nie en ons **hoor** ons moet gee soos in die Woord

vervat, dan word laasgenoemde ook deel van die toepassing van die Woord in ons lewens.

In Mark. 4:24 sê Jesus: "Pas op wat julle **hoor**; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word, en daar sal bygevoeg word vir julle wat hoor." Die Woord moet bestudeer word, geëet word. Jy moet ontvanklik wees. Hóé ons dit ontvang, sal bepaal wáá ons daaruit kry. Die leser moet biddend daarmee omgaan, die Heilige Gees toelaat om ons te leer, en nie haastig wees wanneer ons wil hê God moet met ons praat nie. Daarna moet ons die Woord ook toepas in ons lewens, want die **krag van die Woord lê in die toepassing daarvan**.

In die aanwending van die Woord in ons lewens, kan ons groei in gelykvormigheid aan Sy beeld. As Hy bv. sê: "Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Pet. 1:16), dan moet ons 'n goeie hoorder wees, die Woord toepas en meer soos Hy word. Met die maat waarmee ons die Woord ontvang, in daardie maat sal ons dit verstaan. En hoe méér ons verstaan en toepas en uitleef, hoe méér sal Hy aan ons toevertrou, want Hy strooi Sy pérrels nie net na willekeur rond nie. Die skatte van Sy Woord moet ontgin word. Dan sal ons nóg meer skatte kry. Ons sal moet moeite doen en aan Sy voete sit om hierdie skatte te ontdek. En dan moet ons dit uitleef.

Aangaande oordeel sê Jesus: "Moenie **oordeel** nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word" (Matt. 7:1-2). Soos met die ontvang (hoor) van die Woord, is dit hier ook waar: Met die maat waarmee ons ander oordeel, sal ons geoordeel word.

Die Griekse woorde vir "oordeel" is *krinō*. Dit beteken om oordeel uit te spreek oor ander se woorde en dade, om ander te veroordeel of te verdoem. Wanneer ons dit doen, sal ons met dieselfde maat gemeet word. Jesus verbied nie kritiek op verkeerde dade nie, of dat ons verkeerde dinge veroordeel nie. Maar Hy verbied 'n gees van foutvindery waar ons ons eie foute verbykyk en onsself as regter aanstel oor ander. So 'n hart is donker, en kan ander nie met liefde benader nie. Waar oordeel inkom, kan die liefde nie heers nie. 'n Hart vol oordeel kan

ander nie in hulle swakhede help nie. Slegs wanneer ons ander liefhet, kan ons hulle voorthelp om God te dien.

In Luk. 6:38 sê Jesus: "Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word." Met hierdie woorde bring Hy 'n basiese beginsel tuis dat elke gelowige met 'n oop hand moet gee om God se koninkryk te bevorder. Dit sal meebring dat ons nie gebrek sal lei nie, want soos ons gee, sal weer vir ons gegee word.

Daar staan ook geskryf: "Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. Laat elkeen **gee** soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief" (2 Kor. 9:6-7).

Jesus sê vir die Skrifgeleerde en Fariseërs van Sy tyd: "Wee julle, skrifgeleerde en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid" (Matt. 23:25). Bring jou beker na Hom toe. Giet alles voor Hom uit: Al jou sorge, al jou laste, al jou gebreke en tekortkominge, al jou sondes, al jou eie pogings en eie wyshede, eie begeertes. Jou beker moet LEEG wees en skoon van binne, sodat Hy dit kan vul met Sy heilikhed en Sy rus. Hoe leë尔 jou beker, hoe meer ruimte is daar vir Hom om dit met Homself te vul!

Wanneer jy **leeg** is van jouself, dan sal jy Jesus se Woord kan gehoorsaam en toepas: "Pas op wat julle **hoor**; met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word, en daar sal bygevoeg word vir julle wat hoor."

Om met die Woord om te gaan, beteken allermáins dat ons 'n grepieleser word. Vir volledige begrip, moet ons wyer lees, soos dit duidelik geword het uit bogenoemde bespreking. **Laat ons dan nie slegs grepiebegrypers wees nie, maar vollediger begrypers van die Woord onder die leiding van die Heilige Gees!** In ons verootmoediging sal die Heilige Gees "julle leer en lei in die hele waarheid." Hierop sê Johannes: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei..."

(Joh. 16:13). Gee oor aan Jesus, en laat die Heilige Gees jou lei. Hoor jy die Stem van Jesus? Gee ag daarop!

Die Wuest Translation stel dit so: "And He was saying to them, Keep ever a watchful eye on what you are hearing. In the measure by which you are measuring, it will be measured to you; and it will be measured to you not only according to that measure, but there will be some added on top of that. For he who has, it shall be given to him. And he who does not have, even that which he has, shall be taken away from him."

OPSUMMEND

Jesus bring 'n kernwaarheid van God se Woord na vore: "Met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word." Hy gebruik hierdie kernwaarheid in verskilende omstandighede of kontekste. In bogenoemde bespreking staan dit in verband met **hoor, ordeel** en **gee**. Dit is soos 'n idiom of 'n slagspreuk. Net meer as dit: Dit is God se Woord! Die Woord wat nie aangepas kan word nie.

Kan elkeen van ons dit dan, onder die leiding van die Heilige Gees, toepas op ons eie lewensomstandighede of krisis of nood waarin ons verkeer? Ja! Natuurlik! In ons eie nood kom ons na Jesus toe, wat gesê het: "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want My juk is sag en My las is lig" (Matt. 11:28-30).

Kom dus met verwagting. Bring jou nood en lê dit aan Sy voete neer. Die liederediger sing: "Werp jou **hele las** op Hom." Kry die ware rus in Hom. Gee jouself in totaliteit oor aan Hom. Hoe meer jy vra, hoe meer kry jy, want daar sal ook nog bygevoeg word vir jou wat hoor en dit aanneem wat Hy aan jou wil openbaar. **Bring 'n groot skepding!** Hoe meer jy van jouself aan Hom gee, hoe meer kry jy in ruil daarvoor. Iemand het gesê: "The more you trust God, the more He amazes you!" Kom, gee jou lewe oor aan Hom! Verruum die maat waarmee jy meet. Soek Hom, dan sal Hy Homself meer en meer aan jou openbaar, en jy sal al hoe meer soos Hy word.

Pinkster: die Uitstorting van die Heilige Gees

"God Self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as Sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang" (2 Kor. 1:21-22).

Gedurende die afgelope 50 dae het ons drie hoogtepunte in ons Christelike kalender herdenk. Die eerste was die lyde en kruisiging van Christus, die tweede was die opstanding en die derde die hemelvaart. Nou kom ons by die Pinkstergebeure waar die Heilige Gees uitgestort is.

Die Bybel praat van twee verbonde: die Ou Verbond (Ou Testament) en die Nuwe Verbond (Nuwe Testament). In Hebreërs 9 is daar 'n kort beskrywing van die

voorskrifte met betrekking tot die eredienste onder die Ou Verbond. Ons sien dat die verbondstent (en later ook die tempel) verdeel was in die Heilige en die Allerheiligste, wat met 'n voorhangsel van mekaar geskei was. In die Allerheiligste was God Self teenwoordig. Slegs die hoëpriester kon een keer per jaar die Allerheiligste onder baie streng voorwaardes betree: "om vir homself te offer en vir die sondes wat die volk onwetend gedoen het" (Heb 9:7).

1. Die Kruisiging

Nou vind ons egter dat met die kruisiging van Jesus, die voorhangsel van die tempel in twee geskeur het (Mat. 15:38). Christus het by Sy sterwe, behalwe vir die soenoffer, ook vir ons direkte toegang tot God die Vader gegee.

Ons het nie meer 'n menslike hoëpriester nodig om vir ons, soos onder die Ou Verbond, by die Vader in te tree nie. Christus, as Hoëpriester van die Nuwe Verbond, het vir ons ewige toegang tot die Vader bewerkstellig.

2. Die Opstanding

Met Christus se opstanding het Hy die dood oorwin en het Hy ook ons eie opstanding gewaarborg: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het... Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort" (1 Kor. 15:20-23).

3. Die Hemelvaart

Met die hemelvaart het Christus die ewige Koningskap opgeneem. Alle dinge is aan Hom onderwerp,

en Hy heers oor elke owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word (Ef. 1:19-23). Alles wat dus op aarde gebeur, staan onderhewig aan Sy koningskap.

4. Pinkster

Presies 50 dae na Paasfees kom ons by die Pinksterfees. Die Pinksterfees was, soos Paasfees, een van die belangrike feesdae onder die Ou Verbond. "Sewe weke na Paasfees wanneer julle die fees van die weke tot eer van die Here begin vier en die graanoffer uit die nuwe oes bring, moet daar vir julle 'n gewyde byeenkoms wees, dan mag julle geen gewone werk doen nie" (Num. 28:26 NAV; sien ook Lev. 23:15-16). Christus het op Paasdag die offer vir ons sondes gebring, en sewe weke later met

Vervolg op p. 10

KATLHOLO YA BAKERESETE

(The Judgement of Christians)



DITEMANA

Ka moo re na le bopelokgale ka metlha yotlhe, re itse gore fa re sa ntse re agile mo mmeleng, re kgakala le legae Moreneng; gonne re sepela ka tumelo, e seng ka go bona. Mme re pelokgale, re bile re eletsa bogolo go huduga mo mmeleng le go goroga go nna le Morena. Ke gona ka moo re tlhoaletseng thata gore fa re le mo gae gongwe re se mo gae, re nne ba ba mo kgatlhang; gonne rona rotlhe re na le go bonala fa pele ga sedulo sa tshekelo sa ga Keresete gore mongwe le mongwe a amogele ka fa ditirong tse a di dirileng a sa le mo mmeleng, le fa e le tse di molemo kampo tse di bosula (2 Bakorinthe 5:6-10).

Ka jalo, mongwe le mongwe wa rona o tla naya pego ya gagwe mo

Modimong (Baroma 14:12).

Gonne nako e fitlhile ya gore katlholo e simolole mo lapeng la Modimo; mme fa e simolola le rona, go tla diragala eng ka ba ba sa utlweng efangedi ya Modimo? (1 Petero 4:17).

Ka moo he, lo se ka Iwa atlholo sepe, e ise e nne nako, go ya Morena a tle yo o tla ntshetsang leseding tse di fitlhilweng tsa lefifi, a senola maikaelelo a dipelo; foo mongwe le mongwe o tla bona poko mo Modimong (1 Bakorinthe 4:5).

Jaanong he, ga go na katlholo ya atlho epe mo go bone ba ba mo go Keresete Jesu, ba ba sa tsamaeng ka fa nameng, mme ba tsamaya ka fa moweng. Gonne

molao wa mowa wa go phela ka Keresete Jesu o nkgolotse mo molaong wa boleo, wa loso (Baroma 8:1)

DIKAKANYO

Jaaka Bakeresete, re gakololwa gore rotlhe re tla ema fa pele ga setilo sa katlholo sa ga Keresete. E seng katlholo ya kgalemo, ka gore ba ba mo go Keresete ga ba atlholwe (Baroma 8:1). Katlholo eo, ke katlholo ya ditiro le boikanyegi jwa rona. Beibele e re bolelala gore re tla naya pego ya matshelo a rona, e bontsha botlhokwa jwa go tshela ka tsela e e tlotslang Modimo. Gape kgang e kgolo ya katlholo ke go tlhomamisa gore o amogetse Jesu go nna Mopholosi wa gagwe. Jaaka Jesu a buile fa a re ke Ene tsela le boamaaruri. A wena o bone tsela mme a o amogetse boamaaruri?

Go ipaakanyetsa katlholo eno, re tshwanetse go tshela ka tumelo le go dira lefoko la Modimo. Se se akaretsa:

1. Amogela Jesu Johane 3:16 Gonne Modimo o ratile lefatshe mo go kalo, mo o bileng wa le neela Morwaa-on a yo o tsetsweng a le esi, gore mongwe le mongwe yo o dumelang mo go ene a se ka a latlhaga, mme a nne le bophelo jo bo sa khutleng.
2. Go tsamaya mo tumelong: Go ikanya Jesu Keresete le go phela tumelo ya rona letsatsi le letsatsi. Tsamaya le Jesu, Kae kapa kae, letsatsi le letsatsi!
3. Go tshela ka bonnate le go se leofe: Go lelekisa boitshepo le go tlogela boleo.
4. Go direla ba bangwe ka lerato la



Johan Zerwick
Sêle ke 083 458 3837

Jesu: Go bonatsa lorato Iwa ga Keresete ka go sefela ba ba mo tikologong ya rona.

5. Go rera Efangedi: Go nna re gasa molaetsa wa poloko le go sa timane ka bodumedi.

Ka go dira dilo tse, re tsamaisa matshelo a rona le thato ya Modimo mme re bontsha boikanyegi jwa rona mo go Ene. Re tshwanetse go phela Bokeresete letsatsi le letsatsi le gotlhe kwa re tsamayang teng.

THAPELO

Rara wa rona, re leboga lerato le kutlwelobothoko ya gago. Re thusre go tshela ka tsela e e tlotslang Wena, re itse gore re tla ema fa pele ga setilo sa katlholo sa gago. Re kaele mo tseleng ya tumelo, re nonotshe go lelekisa tshiamo, le go re fa maatla a go direla ba bangwe le go rera efangedi. A matshelo a rona a bonatse lorato le boammaaruri jwa gago. Ka leina la ga Jesu, re a rapela.

Amen.

Glo die Woord van God

Ons lees in Lukas 1 die vervlegte verhaal van die geboorte van twee seuns: Johannes die Doper, en Jesus die Messias. Hierin sien ons die aankondiging van elk se geboorte, en die reaksie op die grootse nuus in elke gevval.

Sagaría en Elisabet was 'n vrome huwelikspaar wat God getrou gedien het. Meer nog, Sagaría was 'n priester, en Elisabet was uit die priesterlike geslag van Aäron, die broer van Moses. Die Bybel verklaar dat hulle lewenswandel onberispelik was (v. 6). Maar daar was 'n groot hartseer, ten spyte van so 'n wonderlike lewensgetuienis: hulle was kinderloos. Hoe jammer, hoe onverklaarbaar. As iemand kinders 'verdien het', sou dit hulle kon wees wat die kinders in die vrese van die Here sou grootmaak. Verder was hierdie paar op 'n gevorderde leeftyd, so die kans om ouers te word, was skraal.

Sagaría en Elisabet het egter vir 'n kind gebid (v. 13). Dalk het hul geloof met die jare begin taan, gegee die omstandighede wat voor oë was. Sommige kommentators noem dat die gebed waarna hier verwys word, nie noodwendig meer om 'n kind was nie, omdat Sagaría dalk al moed opgegee het.

Die frase kan egter verwys na 'n voormalige gebed - dat hulle lank gelede om 'n kind gevra het. Maar dalk het hy nou in sy priesterlike amp gebid dat die Messias spoedig sou kom. Hoe dit ook al sy, wat volg beantwoord albei moontlikhede: skielik verskyn daar 'n engel (Gabriël) aan Sagaría terwyl hy diens doen in die tempel (v. 12). "Maar die engel sê vir hom: Moenie vrees nie, Sagaría, want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar, en jy moet hom Johannes noem."

Wat 'n wonderlike tyding! Hul jare-lange gebed is uiteindelik beantwoord, en hulle het genade voor God gevind! Verder sou die seun groot wees en 'n kragtige instrument in God se hand, en hy sou die weg vir die verskyning van die Messias voorberei.

Sagaría se logika verblind egter sy geloof en laat dit skipbreuk lei: "Toe sê Sagaría vir die engel: Waaraan sal ek dit weet? Want ek is 'n ou man, en my vrou is op ver gevorderde leeftyd." Hy soek 'n teken, want hy kan nie glo dat so iets meer kan gebeur nie. Die teken was egter 'n ongerieflike een: Sagaría sou stom wees tot op die dag van die geboorte van Johannes. "En kyk, jy sal swyg en

nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde wat op hulle tyd vervul sal word, nie geglo het nie." Die woord sou beslis vervul word, ten spyte van sy ongeloof. En dit sou op die bestemde tyd gebeur.

Dieselfde engel Gabriël is toe ook na 'n ander persoon gestuur ses maande later, om weer 'n bykans "ongelooflike" goeie tyding van hoop en vreugde aan te kondig - hierdie keer aan Maria. Hy het haar meegedeel dat sy genade in God se oë gevind het en swanger sou word met Jesus uit die Heilige Gees, en dat Jesus groot sou wees en die troon van Sy voorvader Dawid sou beérwe (v. 32). Hy sou dus 'n koning wees tot in ewigheid - die beloofde Messias van God.

Dit is interessant om op Maria se reaksie te let. Soos met Sagaría, ontlok hierdie wonderlike boodskap ook 'n vraag in haar gemoed: "Hoe kan dit wees?" (v. 34). Dit lyk so menslik onmoontlik! Tog blyk dit dat sy nie met ongeloof vra nie, maar wonder oor hoe presies dit moontlik kon wees. Dis 'n subtile verskil - God ken die hart agter ons vroe en weet of ons bereid is om Hom te vertrou of nie.

Die engel Gabriël gee nadere besonderhede: die Heilige Gees sal haar soos 'n wolk van heerlikheid oorskadu (soos gebeur het op die berg Sinaï vanouds toe God Sy volk in sigbare krag besoek het) en die menslik onmoontlike vermag. Tog bly daar 'n stukkie misterie hieraan verbonde wat ons nooit volkome sal en hoof te verstaan nie: dit is uit God gebore. Hy is die oorsprong van hierdie saak, soos trouens ook van die skepping van die heelal - van tyd en ruimte. En dit is heilig en kosbaar. Daar is geen skaamte of ontrouheid ter sprake nie. God se heilige wil en goedgunstigheid aan die mensdom word so bewys. Gabriël verwys dan na haar bloedverwant, Elisabet, wat ook swanger geword het in haar ouderdom - 'n skynbaar onmoontlike saak. Hierdie woord aan Maria is dus nie onmoontlik nie, "want geen ding sal by God onmoontlik wees nie" (Luk. 1:37).

Nou buig Maria in geloof en sê: "Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woorde. En die engel het van haar weggegaan" (v. 38). Wat 'n wonderlike inspirasie - **Maria het God se Woord geglo!** Meer as glo, sy het haar ondergeskik aan God se wil gestel en gesê dat Hy Sy wil in haar lewe kan uitvoer - sy sal haar nie teensit of Sy werkung weerstaan nie. Sy kies om 'n werktuig in Sy hand te wees, en so 'n

instrument van seën vir die mensdom te word.

In soortgelyke verband lees ons van die vermaning van Petrus deur Jesus in Matt. 14. Jesus het Sy dissipels voor Hom uitgestuur terwyl Hy alleen gaan bid het. Hulle het in 'n storm beland en Hy het wandelende op die see van Galileá na hulle toe aangekom. Hulle het gevrees, maar Jesus het hulle gerusgestel met die bemoedigende woorde dat dit Hy was wat na hulle toe kom. "Toe sê Petrus vir Hom: 'Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom.'" (Matt. 14:28). Wat sê Jesus vir hom, en indirek ook vir jou en my? "**Kom!**" Jesus daag ons vandag ook uit om geloof in Hom te hê!

Soos Petrus, faal ons egter ook menigmaal. Ons kyk ook na die groot lewensgolve en sterk winde, die lewenstorme en vyandigheid en teenkanting wat ons ervaar, en ons begin twyfel of God bedoel het wat Hy gesê het. Of ons Hom reg verstaan het. Of Hy regtig is Wie Hy sê Hy is. Of Hy by ons is in ons nood. Of ons Sy beloftes kan glo, gegee die oënskynlike teenbewyse van hoe sake verloop. Of Hy ons sal help in ons krisis. Petrus het begin sink, soos ons ook soms in ongeloof en vrees versink, maar Jesus het hom gegryp en gesê, "**Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?**" (v. 31). Hierin is 'n groot les opge-sluit: baie keer het ons 'n woord of 'n wete van God rondom 'n bepaalde saak, maar dan lyk dit menslikgesproke so onmoontlik of onwaarskynlik. **MAAR, ons moet dan weier om te BEGIN twyfel.** Want as ons eers aan die knaende stemmetjie van twyfel, kommer en ongeloof begin toegee, sal ons ook in die lewensgolve begin wegsink.

Ons lees van nog 'n voorbeeld van Jesus wat ons oproep tot geloof in Markus 11. Jesus het die vyeboom wat nie vrug gedra het nie, vervloek. Toe hulle die volgende dag weer daar verbygaan, was die boom verdroog van die wortels af - geheel en al verdroog binne 'n paar ure vanaf Jesus se uitspraak.

Petrus verwys met verbasing na die boom. En Jesus antwoord, "**Julle moet geloof in God hê.** Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: **Hef jou op enwerp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur - hy sal verkry net wat hy sê.** Daarom sê Ek vir julle: **Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.**" (Mark. 11:22-24). Jesus moedig

ons aan om te glo, en Sy woorde wat in ons hart is, te spreek as teken van ons geloof.

Wat presies bedoel ons met 'geloof'? Hoe moet ons glo? Feite wat nie bewys kan word nie? Dinge wat onmoontlik lyk? Ons kry 'n stukkie insig in die verhaal van die vermeerdering van die brode. Die mense vra vir Jesus watter werke hulle moet doen om God tevrede te stel.

Die *Amplified Bible* stel dit mooi: "*Then they asked Him, 'What are we to do, so that we may habitually be doing the works of God?'* Jesus answered, '**This is the work of God: that you believe [adhere to, trust in, rely on, and have faith] in the One Whom He has sent**'" (Joh. 6:28-29 AMP). Ons sien dus dat geloof meer as 'n intellekturele instemming tot 'n sekere feit is. Dit is 'n vertroue op die karakter van 'n Persoon, en die geloof in 'n belofte wat Hy gemaak het. Soos iemand dit gestel het: as ek glo dat die brug my gewig gaan dra, kan ek met sekerheid en moed daaroor stap, omdat ek weet dat dit nie sal meegee terwyl ek oor 'n afgrond of rivier beweeg nie. Dis meer as bloot saamstem met 'n stelling - dis 'n oorgawe en 'n vaste vertroue op 'n persoon se betroubare karakter en woorde.

Uit al die voorbeeld en teenvoerbeeld hierbo leer ons dat God ons soms uitdaag om Hom te vertrou, ten spyte van ons logika of menslike begrip. Dit maak nie saak wat die wêreld ons probeer wysmaak of hoeveel teenstemme daar is en hoe hard en beledigend hulle skree nie. Juis wanneer iets onmoontlik lyk, kan Hy dit moontlik maak. Hy is die God van die onmoontlike! "*But Jesus looked at them and said, 'With people [as far as it depends on them] it is impossible, but with God all things are possible.'*" (Matt. 19:26 AMP).

Wanneer God 'n woorde aan ons gee, het sy deur Sy skrif, 'n droom, of 'n boodskap wat ons op 'n ander manier bereik, laat ons nie begin om te twyfel of dit met ons verstand probeer uitwerk nie. Indien ons onseker is, kan ons Hom in gebed soek, maar in die geloof, sodat ons bevestiging kan kry. Wanneer ons seker is van Sy wil in 'n bepaalde saak, laat ons nie waarskynlikhede opweeg en besluit of iets dalk kan gebeur of nie.

Laat ons in nederigheid bly glo wanneer God met ons praat dan sal ons Sy wonderwerke in ons lewe sien, en Hy sal die eer kry!

How to Make Disciples

Imagine being a disciple in Jesus's day. Just before Jesus returns to heaven, He commands you to tell all nations the story of the Gospel: "And Jesus came and said to them, 'All authority in heaven and on Earth has been given to Me. Go therefore and make disciples of all nations, baptising them in the Name of the Father and of the Son and of the Holy Spirit, teaching them to observe all that I have commanded you. And behold, I am with you always, to the end of the age'" (Matt. 28:18-20 ESV).

In your travels, you encounter new people and cultures and share all that God has done through His Son, Jesus. People's lives are changed because of God's salvation and His working through you. By the power of the Spirit, lives are transformed and the Kingdom expands. The Church is founded and nations are plucked from the kingdom of darkness and made citizens of the kingdom of heaven. The Good News - what a powerful force for good!

God still asks us to continue to make disciples in His Name. His is the only Name that can offer salvation: "And there is salvation in no one else, for there is no other name under heaven given among men by which we must be saved" (Acts 4:12). But how should we act on this command in our modern culture and some-

times abrasive society?

Disciple-making starts with loving others as God has loved us. Our connection with others should not be because of fear, but in trust and love. Building relationships, while humbly waiting on God for opportunities to show others the way to Him. It involves thoughtful teaching and instruction that points people toward a loving relationship with God. We can teach others about discipleship as we go about our daily lives. Here are two ways to get started...

MODELLING

Our lives should model Christ's teachings. "But as for you, promote the kind of living that reflects right teaching" (Titus 2:1 NIV). If we want to help people know God, it is important to have hearts and lives that demonstrate Jesus's teachings. Actions speak louder than words. People want to see the truth of what you teach and believe play out in your life.

Jesus furthermore cared for the poor and the oppressed, as we are also called to do: "Religion that is pure and undefiled before God the Father is this: to visit orphans and widows in their affliction, and to keep oneself unstained from the world" (James 1:27 ESV). Yet, He cared more about inward heart attitudes than outward demonstrations. He sacrificed Himself for the good of others. Both our

characters and our actions are examples for people to take note of in their personal quest for truth and significance.

When we model Christ's sacrificial love and compassion in our relationships, we are illustrating that we have been transformed by God's love (Rom. 12:2). As the butterfly, we have undergone a metamorphosis and have entered into the kingdom of light. Our desires and appetites have been made holy, and our behaviour and posture have become graceful and full of humility. The way we live will therefore invite others to experience the same sort of love that transformed us. We can show them what a transformed life looks like, and hold out the hope that this is available to anyone who will come and submit before Christ's Lordship.

MENTORSHIP

The second way to impact people is through mentorship. "Give instruction to the wise, and they will become wiser still; teach the righteous and they will gain in learning" (Proverbs 9:9 NRSV).

As each of us grows in intimacy with God, we also grow in wisdom and godliness. We can then offer wisdom to people we know. We can share our life experiences and the lessons learned from those, as God has used these to shape our lives and our character, and to teach us deep truths about

Himself.

Taking time to listen to people's stories and encouraging them to walk with God through their experiences can lead to a powerful mentoring relationship. As we build relationships and pour ourselves into others, we can become conduits of God's love. Paul wrote, "Be imitators of me, as I am of Christ" (1 Cor. 11:1 ESV). Let us support the young, weak and needy as we all journey toward closer intimacy with Christ.

Before Jesus ascended into heaven, He gave His disciples the command to make more disciples. He declared that all disciples should be made in the Name of the Father, Son, and Holy Spirit. This is a comforting reminder that when we make disciples, we aren't doing it by our power. God's grace goes before us, and the Holy Spirit works in our hearts to transform us. This is all possible because of what Jesus accomplished on the cross. He will never leave nor forsake us, but He will empower us to do His will and impact the lives of those that He loves and for whom He gave His life.

Take a moment to think about someone you would like to see draw closer to God. How can you model God's character to them? How can you mentor them so that they can draw closer to God?

Word Gevoed met die Brood van die Lewe

"Toe sê Jesus vir hulle: 'Kom eet'" (Joh. 21:12)

Met hierdie woorde word ek en jy uitgenooi na 'n heilige intimiteit met Jesus. Hierdie woorde verwelkom ons in Sy onthaalsaal onder die verlossende banier van liefde! Die uitnodiging spreek ook van 'n selfs intiemer eenwording met Jesus, want die enigste kos waardeur ons by Jesus gevoed word, is Jesus Self.

Dit verwelkom ons ook in 'n

gemeenskap met die heiliges. Selfs al kan ons nie almal dieselfde voel nie, kan ons almal op dieselfde manier gevoed word: met die Brood van die Lewe. Ons sien in hierdie woorde 'n bron van krag vir die Christen. Om na Jesus te 'kyk' is om te lewe, maar vir die krag om Hom te dien, moet ons eet. Ons moet onself voed met 'n fees uit die Evangelie sodat ons sterk kan wees.

- Elke Nuwe Dag, Charles Spurgeon, Christian Art Gifts, 2005





Hendrik van Graan
Susana van Graan

OPTOMETRISTS / OOGKLUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)

Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111

B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

